



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

BYBELKENNISEKSAMEN – 2023

GRAAD 5 – VRAESTEL

BESTEK: Ou Testament: Rut 1-4 | Nuwe Testament: Johannes 1-3 | Les: 1-9

AFDELING A – RUT 1-4

VRAAG 1: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 1.1 Wie het regeer in die tyd van Eliméleg? (Rut 1:1)
a) Nebukadnésar b) Dawid c) rigters d) Saul
- 1.2 Wat was die name van Naómi se seuns? (Rut 1:2)
a) Maglon en Giljon b) Kain en Abel c) Jakob en Esau d) Markus en Matthéüs
- 1.3 Wat was Naómi se skoondogters se name? (Rut 1:4)
a) Ragel en Lea b) Martha en Maria c) Rut en Orpa d) Maria en Magdalena
- 1.4 Uit watter volk was Naómi se skoondogters? (Rut 1:4)
a) Israeliete b) Mídianiete c) Edomiete d) Moabiete
- 1.5 Waarheen het Naómi en haar twee skoondogters toe besluit om te trek? (Rut 1:7)
a) Juda b) Egipte c) Mídian d) Moab

VRAAG 2: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

Boas, Obed, lossers, Betlehem, hongersnood

- 2.1 Eliméleg en sy gesin het in _____ gewoon. (Rut 1:1-2)
- 2.2 Eliméleg en sy gesin het weggetrek, omdat daar _____ in die land was. (Rut 1:1)
- 2.3 Naómi se bloedverwant was _____ (Rut 2:1). Hy is ook hul _____ genoem. (Rut 3:12)
- 2.4 Rut en Boas se seun se naam was _____ (Rut 4:17).

VRAAG 3: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 3.1 Boas was een van twee lossers vir Eliméleg se geslag. (Rut 3:12)
- 3.2 Boas was die naaste lossers en het eerste reg gehad om met Rut te trou. (Rut 3:12)
- 3.3 Nadat Rut by Boas se voetenent gaan lê het, het hy vir haar baie geld gegee om terug te vat huis toe. (Rut 3:15-16)

- 3.4 Boas het 20 manne uit die oudstes van die stad geneem as getuies tydens die bespreking van wie lossingsreg op die stuk grond van Naómi het en wie met Rut moet trou. (Rut 4:2)
- 3.5 Dit was in daardie tyd die gebruik in Israel om by lossing en ruiling 'n skoen te ruil om die saak van krag te maak. (Rut 4:7)
- 3.6 Ragel en Lea het saam die huis van Israel gebou, volgens die oudstes en mense in die poort. (Rut 4:11)
- 3.7 Boas was vir Naómi meer werd as sewe seuns. (Rut 4:15)
- 3.8 Naómi was Obed se pleegmoeder. (Rut 4:16)
- 3.9 Ísai was Obed se seun. (Rut 4:17, 22)
- 3.10 Obed was koning Dawid se oupa. (Rut 4:17, 22)

20 Punte

AFDELING B – JOHANNES 1-3

VRAAG 4: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 4.1 *In die begin was die _____ en dit was by God.* (Joh. 1:1)
a) lig b) waarheid c) aarde d) Woord
- 4.2 Wat het geskyn en die duisternis kon dit nie oorweldig nie? (Joh. 1:5)
a) die lig b) die lewe c) die waarheid d) die begin
- 4.3 Wat noem Jesus elkeen wat Hom aanneem en in Hom glo? (Joh. 1:12)
a) kinders van God b) sondaars c) wyse d) slawe
- 4.4 Johannes het gesê Jesus is die _____ van God wat die sonde van die wêreld wegneem. (Joh. 1:29)
a) leeu b) man c) Lam d) duif
- 4.5 As die woord "Rabbi" vertaal word, beteken dit _____ (Joh. 1:39)
a) Meneer b) Meester c) Heer d) Koning

VRAAG 5: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

Ieraar, Fariseërs, vlees, Lam, eiendom

- 5.1 *Hy het na sy _____ gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.* (Joh. 1:11)
 - 5.2 *En die Woord het _____ geword en het onder ons gewoon ...* (Joh. 1:14)
 - 5.3 *... en toe hy [Johannes] Jesus sien wandel, sê hy: Dáár is die _____ van God.* (Joh. 1:36)
 - 5.4 *En daar was 'n man uit die _____ met die naam van Nikodémus ...* (Joh. 3:1)
 - 5.5 *Jesus antwoord en sê vir hom: Jy is die _____ van Israel en jy weet hierdie dinge nie?* (Joh. 3:10)
-

VRAAG 6: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 6.1 Die “Woord” van Johannes 1 is Jesus self. (Joh. 1:1)
- 6.2 Johannes die Doper het gesê hy is ’n profeet. (Joh. 1:21)
- 6.3 Simon se ander naam was Céfás, wat vertaal word Petrus. (Joh. 1:43)
- 6.4 Die woord “Rabbi” beteken, as dit vertaal word, “die Christus”. (Joh. 1:39)
- 6.5 Die woord “Messias” beteken, as dit vertaal word, “Meester”. (Joh. 1:42)
- 6.6 Die tempel is in ses-en-veertig jaar gebou. (Joh. 2:20)
- 6.7 Toe Jesus van “die tempel” gepraat het (Joh. 2:18-22), het hy van sy liggaam gepraat. (Joh. 2:18-22)
- 6.8 God het sy Seun in die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel. (Joh. 3:17)
- 6.9 ... *hy wat die waarheid doen, kom na die lig* ... (Joh. 3:21)
- 6.10 *Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe* ... (Joh. 3:36)

20 Punte

AFDELING C - LES 1-9

VRAAG 7: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 7.1 Kraaie het soggens en saans vir Elía kos gebring by die spruit Krit. (Les 1)
- 7.2 Daar was nog sewehonderd gelowiges in Israel wat saam met Elía in God geglo het. (Les 2)
- 7.3 Toe Elía sy mantel op Elísa laat val, was dit die teken dat hy God se profeet sou wees. (Les 3)
- 7.4 Naäman moes homself vyf keer in die Jordaan gaan was om genees te word. (Les 5)
- 7.5 Jona moes na Tarsis vaar om die mense te waarsku om hulle te bekeer van hul sonde. (Les 5)

VRAAG 8: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

- 8.1 Die profeet _____ het vir Hiskía kom sê dat die HERE sê hy gaan sterf. (Les 6)
- 8.2 Die _____ moes 10^o agteruit skuif op die sonnewyser, as teken dat Hiskía gesond sou word. (Les 7)
- 8.3 _____ beteken “God met ons”. (Les 8)
- 8.4 Jeremia moes alles wat die HERE vir hom sê, op ’n _____ neerskryf. (Les 8)
- 8.5 Daniël se naam verander in Babel na _____. (Les 9)

10 Punte

TOTAAL: 50 PUNTE